

Die Here maak die lewe wat ons vir Hom leef vir Hom reg deur met ons te wandel.

ds. PJ Kriel

05.02.2107

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen 'n lewe as wandel met God teenoor 'n lewe as 'n staptog. God laat ons lewe vir Hom reg wees deur ons lewe vir Hom 'n lewe te maak waar Hy met ons wandel. Hy maak ons lewe met Hom die regte lewe deur die evangelie sonder die wet. Geestelikes verander elke dag die wandel met God deur die evangelie in geestelike staptogte volgens die wet. Hierdie preek gee leiding om met hierdie geestelikes en hulle geestelike toerusting, oefeninge en togte te breek sodat ons in die rus kan leef om in God se liefde vir ons te kan wandel.

Liturgie 1. Ps. 146 verse 1, 3, 6. 2. Evangelielesing Rom. 3: 21-; Lied 493 verse 1, 2, 6. 3. Wetslesing. Rom. 13: 6-14; 13: Lied 434 verse 1, 2, 3. 4. Lied 440 verse 1 – 4.

Skriflesing Gal. 2: 18 – 21; 3: 1 -6; 5:13 – 26.

Teks Gal. 3: 20 Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?

Tema Die Here maak die lewe wat ons vir Hom leef vir Hom reg deur met ons te wandel.

1. Om vir die Here reg te kan leef.

Waardeur laat die Here die manier waarop ons vir Hom lewe regwees?

Hierdie is 'n heel ander tipe saak as hoe vergeef die Here ons sondes soos ons dit gewoonlik sien. Om sondes te vergewe kan klink soos hoe maak die Here die oortredings en sondes wat ek doen reg. Dit is een saak.

Om vir die Here reg te leef op so manier dat ek weet die lewe wat ek vandag vir Hom geleef het, is vir Hom as Here goed en reg, is iets anders as hoe het die Here my oortredings reg gemaak.

Dit is belangrik. Ons kan tog nie so as Christene lewe dat ons maar altyd net verkeerd lewe en alles wat ons doen is iets waaroor ons altyd net jammer moet wees nie. So asof al wat die Here vir ons kan doen, is om maar altyd net besig te wees om ons oortredings reg te maak!

As dit is hoe Christene moet leef, dan beteken dit dat jy nooit vir die Here reg kan leef nie, maar Hy vergewe darem altyd al jou sondes.

2. Die Here vat ons op die regte pad en maak ons lewe vir Hom reg deur met ons te wandel.

Wat die Here met ons doen sodat ons vir Hom reg kan leef, is dat Hy ons op die regte pad vat en ons lewe wat ons vir Hom leef, self reg maak en reg laat wees vir Hom.

Die Here maak die lewe wat ons vir Hom leef vir Hom reg deur met ons te wandel.

Kom ons kyk hoe die Bybel hierdie werk wat die Here doen, om ons op die regte pad te vat en ons lewe vir Hom reg te maak, beskryf.

“¹⁶ Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie... ¹⁸ Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie... ²⁵ Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.” (1953)

Die Nuwe Testament in die Bybel is in Grieks geskryf. Ons lees altyd vertalings van die Bybel. 'n Vertaling van een taal na 'n ander taal is baie moeilik omdat woorde in verskillende tale meer kan beteken as net een ding. Dink maar aan die woorde “vroliek” in Afrikaanse en “happy” in Engels. Dit is amper maar nie heeltemal dieselfde nie. Daarom moet 'n mens eerder praat van “bly wees” wanneer jy “happy” uit Engels vertaal en nie van “vroliek” nie.

In die Grieks is daar in vers 16 en vers 25 een woord wat hulle op twee maniere in Afrikaans vertaal is. Dit is die woord “wandel”. Daarom lees vers 16 in die Grieks so: “Maar ek sê: Wandel deur die Gees,” en vers 25 les weer so: “laat ons deur die Gees wandel.” So, “laat julle deur die Gees regeer” en “laat die Gees julle gedrag bepaal” beteken eintlik om deur die Gees te wandel.”

Wat beteken dit as die Here met jou wandel?

Dit beteken die Here stap saam met jou. Wandel is om saam te stap. Maar dit is 'n bietjie anders as om net sommer saam te loop. Wandel beteken om saam te loop om met mekaar saam te wees. Dit is om saam te loop om deel van mekaar se liefde te wees.

Die manier waarop die Here ons op die regte pad vat en ons lewe vir Hom reg laat wees, is om met ons te wandel. Hy wandel met ons om ons in sy liefde met Hom saam te vat, en daarom kan ons met Hom wandel.

Om te wandel is om saam te stap om te deel in liefde.

3. Daar is 'n baie groot verskil tussen 'n wandeling en 'n staptog.

Voor ons kan weet hoe ons met die Here kan wandel, moet ons eers weet wat is die verskil tussen 'n wandeling en 'n staptog.

Paulus stel dit so: “... ¹⁸ Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie...” Die Here wandel met ons deur ons met die Gees te lei. Hy wandel nie met ons deur ons met die wet te wys nie. Daarom sê Paulus dat wanneer die Here jou deur sy Gees lei, dan lei Hy jou nie meer met sy wet nie.

Dit is baie belangrik om hierdie onderskeid raak te sien!

Wat is die verskil tussen wanneer die Here jou deur sy Gees op die regte pad lei en wanneer die Here jou deur die wet op die regte pad wys? Wanneer die

Die Here maak die lewe wat ons vir Hom leef vir Hom reg deur met ons te wandel.

Here jou deur sy Gees lei, dan vat Hy jou om saam met Hom te wandel. Wanneer Hy jou deur die wet lei dan vertel Hy jou wat die pad is wat jy alleen self moet gaan stap. Dit is soos wanneer jy vir 'n arbeider vertel waarheen hy moet stap om vir jou 'n graaf te gaan haal. Jy sê vir hom hoe hy moet stap, hoe vinnig, waarheen en wat hy moet gaan doen. Dan moet hy stap en klaarkry.

Die een is 'n wandeling en die ander is 'n staptog.

Die Here lei sy kinders nie deur vir hulle te vertel watter pad hulle moet loop, hoe hulle die pad moet loop en wat hulle moet gaan doen wanneer hulle die pad moet gaan loop nie. Die Here vertel nie sy kinders deur vir hulle voor te skryf watter pad hulle self moet gaan loop nie. Hy vat sy kinders saam om met Hom te gaan wandel.

Daarom is daar mos 'n baie groot verskil tussen 'n staptog en 'n wandeling.

Wandel beteken om saam te stap in die liefde wat ons ontvang. Staptog beteken om self op die regte pad te gaan loop wat vir jou uitgewys en uitgelê is as 'n uitdaging of as 'n opdrag.

4. Die eerste Christene het van die lewe saam met God 'n staptog gemaak.

Die eerste Christene wat gelowig geword het in die gebied wat ons vandag Turkye noem, het deurmekaar geraak oor hoe om met die Here te wandel. Daarom wys Paulus hulle op hoe die Here met hulle wandel in Galasiërs 3.

³ Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig? ⁴ Was al julle swaarkry dan verniet? Dit kon tog nie verniet gewees het nie! ⁵ Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?

Die Here vat hulle met 'n wandeling saam, en hulle begin met die Here wandel maar iewers langs die pad maak hulle van die wandeling met God hulle eie staptog. Dit gebeur baie keer met mense dat hulle 'n wandeling in 'n staptog verander. Kom ons kyk na so voorbeeld! 'n Vrou vat haar man vir 'n wandeling om saam met hom in haar liefde te gaan stap, maar iewers langs die pad begin die man hierdie wandeling in liefde sien en verander na 'n manier om te oefen om fiks te word.

Hy verander die wandeling in 'n fiksheidsoefening vir sy staptog wat hy beplan en nou moet die vrou saam begin oefen of meestal moet sy dan sommer net staan en kyk hoe hy nou loop en oefen. Saam oefen of kyk na oefen is heeltemal iets anders as saam wandel.

Kyk hoe stel Paulus dit wat tussen die Here en die eerste Christene: "Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig? Die Here vat hulle saam in 'n wandeling deur hulle met sy Gees te lei en God se wandeling eindig vir hulle op in 'n staptog. Hulle maak van die wandeling in liefde 'n kragoefening.

Die Here maak die lewe wat ons vir Hom leef vir Hom reg deur met ons te wandel.

5. Die Here maak deur die evangelie ons lewe saam met Hom 'n wandeling in sy liefde.

Wat maak die groot verskil tussen 'n wandeling en 'n staptog?

Die verskil gaan oor hoe leef 'n mens vir God reg. Leef 'n mens vir god reg deur die wet te onderhou of maak God jou lewenswyse vir Hom reg deur die evangelie sonder die wet. Dit is hoe Paulus hierdie verskil aanwys: “, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?” Die Here maak die lewe wat ons vir Hom as God leef, deur die evangelie reg vir Hom, nie deur ons manier waarop ons die wet van God onderhou nie.

Hierdie nuwe manier om vir God te leef, skep God deur sy krag. Hierdie nuwe manier om vir God reg te leef is nie iets wat mense maak met hulle kragoefeninge nie.

Daarom stel Paulus dit uitdruklik só: “Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk,” (1983 Vertaling) Die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) wys beter wat in die Grieks staan met die vertaling: “Gee Hy dan vir julle vir julle die Gees en verrig Hy kragtige daade onder julle op grond van die nakoming van die wet of op grond van julle geloof wat julle gehoor het?” Dit is die evangelie wat julle gehoor het!

Die groot verskil gaan daaroor dat in die evangelie gee die Here ons sy Gees, maar deur die wet ontvang ons nie sy Gees nie, ons is net geesdriftig met ons eie staptog besig. Hierdie is twee heeltemal verskillende kragte! Die een krag is God wat kragtig besig is om onder ons te werk en die ander krag is ons kragoefeninge om die wet te onderhou.

Dit maak die groot verskil: dit gaan oor 'n verskil tussen die Gees wat God gee en om geesdriftig te wees, die verskil tussen God wat kragtig werk en mense wat kragtig oefen en stap.

Dit is die groot verskil tussen die lewe as 'n wandeling saam met God of die lewe as 'n staptog waarvoor God ons oefen en toerus.

6. God gee ons sy Gees, Hy gee ons nie die krag en toerusting vir ons staptog nie – 'n voorbeeld.

Kom ons kyk na 'n voorbeeld wat hierdie verskil uitwys! 'n Ouer wat 'n kind vir 'n wandeling saamvat teenoor 'n ouer wat 'n kind oefen vir 'n staptog.

'n Pa wat sy seun vir 'n wandeling vat, sit sy arm om sy seun of dogter se skouer en só, arm om die skouer, vat hy hom of aar saam vir 'n wandeling. Hierdie arm om die skouer doen alles. Hierdie arm sluit die seun of dogter eerstens in sy liefde in. Alles wat hy in sy hart vir hulle as liefde het, deel hy aan hulle mee met hierdie arm om die skouer. Orals waarheen hy met hulle wil wandel, vat hy hulle net met hierdie arm om die skouer saam.

Die Here maak die lewe wat ons vir Hom leef vir Hom reg deur met ons te wandel.

Hierdie arm om die skouer laat die kinders in sy liefde deel en saamloop. Dit is die kragtige manier waarop so arm van 'n pa om 'n kind se skouer werk. Dit sluit nou in, hou jou vas en vat jou saam in die liefde van jou pa.

Dit is ook so kragtig dat dit in jou 'n geduld, 'n verdraagsaamheid, 'n vrede, 'n sagmoedigheid, blydschap en 'n selfbeheersing skep om saam met jou pa te wandel. So kragtig is hierdie arm om die skouer van 'n pa wat met sy kind wandel.

Saam wandel beteken om die liefde waarin jy as kind omarm word, te glo. Om hierdie liefde te ken en om in hierdie liefde waarin jy ingesluit en saamgevat word, te vertrou.

Wanneer jy as kind egter hierdie wandeling langs die verander in 'n fiksheidsoefening vir 'n groot staptog, dan eindig hierdie wandeling. Want nou moet jou pa sy arm om jou los en jou verskaffer en gids word!

- Hy moet vir jou wys hoe om te oefen om fiks te word.
- Hy moet vir die regte toerusting koop en gee vir die staptog.
- Hy moet vir jou die staptog gaan bespreek en betaal.
- Hy moet vir jou die kaarte koop en gee. Hy moet vir jou al die kragkos koop en gee vir die staptog wat jy gaan aanpak.

7. God laat ons lewe vir Hom saam met Hom reg wees deurdat Hy met ons wandel.

God gee ons sy Gees. Hy hou ons vas en sy liefde en Hy vat ons saam met Hom in sy liefde. Hy gee ons nie krag en toerusting vir ons geestelike staptogte nie. Om sy Gees te gee, beteken dat die Here ons insluit en saamvat in sy liefde vir ons as Vader vir sy kinders. Die evangelie is die Here se arm waarmee Hy ons in sy liefde insluit, vashou en saamvat om met Hom te wandel.

Dit is hierdie deel in en deel wees van God se liefde in sy omarming van ons wat kragtig in ons werk. Dit is hoe Paulus dit beskryf in Galasiërs 5: “²² Maar die vrug van die Gees is: liefde, blydschap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, ²³ sagmoedigheid, selfbeheersing.”

Hierdie innerlike houdinge en ingesteldhede is nie sommer net algemene deugdes nie. Deur die evangelie skep die Here hierdie innerlike ingesteldhede en houdinge spesifiek teenoor Hom.

- Deur ons in te sluit en te laat deel in sy genade, skep Hy in ons 'n innerlike blydschap om met Hom te wees en na sy wil te luister.
- Deur ons in te sluit en te laat deel in sy goedheid skep Hy in ons 'n innerlike goedheid teenoor Hom as Here en sy wil vir ons.
- Deur ons in te sluit en te laat deel in sy barmhartigheid skep Hy in ons die innerlike ingesteldheid van sagmoedigheid teenoor Hom en sy wil
- Deur ons in te sluit in sy liefde skep Hy in ons 'n liefde en selfbeheersing teenoor Hom en sy wil vir ons.

Die Here maak die lewe wat ons vir Hom leef vir Hom reg deur met ons te wandel.

- Deur ons in te sluit in sy vrede met ons skep Hy in ons 'n vriendelikheid en vrede met Hom en sy wet.
- Deur ons in te sluit in sy lankmoedigheid met ons skep Hy in ons 'n innerlike geduld en getrouheid met Hom as God en sy wil vir ons.

Dit is hoe die Here deur sy omarming waarin Hy ons vashou en saamvat in sy wandeling, kragtig binne in ons werk. Hy skep in ons die gesindheid en houding om saam met Hom te wandel. Die liefde waarin Hy ons omarm skep ons ons die liefde om saam met God te wandel. Dit is wat Paulus noem, "Hy gee julle sy Gees en werk kragtig onder julle."

Die wyse waarop God ons lewe vir Hom reg laat wees, is dat Hy met ons wandel: Hy vat ons in en met sy liefde op die pad wat Hy stap. Dit is hoe Hy ons op die regte pad wat. Dit is hoe Hy die lewe wat ons saam met Hom leef vir Hom reg laat wees. Hy hou ons nie net vas met die evangelie, sy omarming nie. Hy laat ons deur die evangelie, sy omarming, met Hom wandel.

8. Ons wandel met God deur die geloof in die evangelie.

Deur met ons te wandel skep die Here vir ons 'n heel nuwe wyse waarop ons vir Hom reg leef. Paulus beskryf hierdie nuwe wyse om reg te leef vir God in Gal. 2 vers 20.

"Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê." Dit is hoe ons reg leef vir die Here in die omarming van sy liefde waarin Hy my vashou en saam met Hom laat wandel, deur te glo in sy liefde, sy barmhartigheid, sy goedheid, sy lankmoedigheid en sy vrede waarin en waarmee Hy my omarm.

Dit is in en deur my kennis van wie Hy vir my is en wat Hy met my doen, en my vertrou in Hom, dat ek in die liefde leef waarmee Hy my omarm en my met Hom laat wandel. Deur my geloof in sy liefde leef ek in die liefde wat Hy in my wek vir Hom en sy wet.

Geloof in Christus is hoe ons wandel met God: om in sy liefde te deel!

9. En dan word die wandel 'n staptog!

Die oomblik wanneer ons uit die Here se omarming onself losmaak om met geestelike fiksheidsoefeninge en geestelike kragtoere besig te wees, wandel ons nie meer in die geloof in sy liefde nie.

Dan het ons die regte wyse om in God se liefde te leef verander. Dan leef ons nie meer die lewe wat ons nou hier leef in die geloof in die liefde van Christus wat sy lewe vir ons afgelê het nie, dan leef ons in die krag van ons geestelikheid.

Wat verander?

Die Here maak die lewe wat ons vir Hom leef vir Hom reg deur met ons te wandel.

Wanneer jou vrou haar uit hierdie omarming in julle wandel losmaak en vooruit begin loop om te oefen om fiks te word, wat het verander?

Sy is nog steeds vriendelik, geduldig, blymoedig, getrou, selfbeheers en getrou. Só, in hierdie deugdes gaan jy nooit die groot verskil raaksien tussen wandel en staptogte nie.

Die verskil is om te sien met wie is sy besig terwyl sy nou só is!

Dit is nie meer met haar man en sy wil nie. Sy is nie meer besig om met hom te wandel nie. Sy het van hom 'n toeskouer van haar fiksheidsoefening gemaak.

Sy is nou selfbeheers met haar self en haar kragtoer besig.
Sy is nou geduldig met haar self en haar kragtoer.
Sy is nou bly in haar self en haar kragtoer.
Sy is nou getrou teenoor haarself en haar kragtoer.
Sy is nou vriendelik en vol vrede met haarself en haar kragtoer.

Dit is wat verander wanneer 'n wandeling skielik 'n kragoefening word: die persoon in wie se liefde jy leef. Dit verander van die persoon met wie jy wandel na jouself en jou kragoefeninge.

10. Dit is hoe Christene uitbreek uit die regte manier om vir God te leef.

Dit is wat Paulus vir die gelowiges in die gemeentes van Galasië wys: julle het met die Gees van Christus begin deur met die Here in sy liefde vir julle te wandel. en toe verander julle dit in 'n kragoefening in selfliefde met geestelike ondernemings.

Paulus wys hulle dat hulle die evangelie verlaat het en nou terug is by die wet. Hulle wil nie meer in die geloof in God se liefde leef nie. Hulle wil nou in hulle liefde vir God leef.

Hoe verander die Here se liefde vir ons wanneer ons van sy liefde net weer ons eie kragoefening maak?

Kyk na die vrug van die Gees!

Hierdie is hoe die Here ons innerlik verander en aan Hom en sy wil verbind: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbehaarsing!

Sy omarmende liefde skep hierdie innerlike houdinge binne in ons vir Hom en sy wet! Daarom is dit die vrug van sy Gees, sy liefde vir ons! Dit is die vrug van God wat met ons wandel.

Die oomblik wat ons die wandel in 'n staptog verander, breek ons uit hierdie liefde van God wat hierdie vrug in ons skep en word hierdie houdinge nou 'n nuwe wet!

Die Here maak die lewe wat ons vir Hom leef vir Hom reg deur met ons te wandel.

Dit word die wyse waarop ons met onself moet besig wees: ons moet in ons kragtoer met onself so besig wees om van ons kragtoer 'n sukses te maak.

Op hierdie wyse maak ons van die Here se vrug in ons lewe, die vrug van sy wandel met ons in sy liefde, net nog weer 'n nuwe stel reëls oor hoe ons met onself moet besig wees.

Daarom sê Paulus vir die lidmate julle het met die Gees van God begin, julle het begin om met God te wandel en toe eindig dit nou op in die wet: ons moet hierdie nuwe stel reëls uitleef om van ons geestelike ondernemings 'n sukses te maak.

11. Geestelikes word ons lewensgidse omdat ons nie meer met God wandel nie.

Daar is nog 'n groot verandering wat plaasvind wanneer jy die wandel met God in 'n staptog verander.

Wanneer jy nou jou man of vrou los in hierdie kragtoer waarmee jy begin het om fiks vir staptoere te word, is hy nou nog net 'n toeskouer. Hy wil wandel, in liefde saamloop, nie kragoefeninge doen nie.

So wat het jou nou nodig?

'n Gids!

Jy het iemand nodig wat saam met jou jou kragtoer doen, wat voorloop in jou kragtoer, wat vir jou die gids word op die staproete, wat jou motiveer, aanvuur, en moed in praat. Wat vir jou nuwe staproetes beplan en reël en weer as gids saam stap!

Kyk hoe beskryf Paulus hierdie gidse in Galasiërs 3: 20 "Maar as daar net één is wat handel, is 'n tussenganger nie nodig nie, en God is net een!"

Om saam met God te wandel, is daar tussen my en God se liefde niemand nie. Hy omarm my in sy liefde en ek wandel in sy liefde. Daar is nie so iets soos iemand anders wat my met God se liefde omarm en in wie se liefde ek moet leef om in God se liefde te wees nie.

Wanneer God met my wandel, is dit net God alleen, daar is nie iemand tussen my en God nie!

Maar die oomblik wanneer jy die wandel met God na 'n staptog verander, dan het jy tussengangers nodig. Geestelike gidse wat saam met jou stap op jou geestelike tog wat jou aanmoedig, aanvuur en motiveer in jou kragtoer. Geestelike gidse wat vir jou nuwe staptoere beplan en uitleë!

Want op hierdie staptoer is God nog net die toeskouer!

Die Here maak die lewe wat ons vir Hom leef vir Hom reg deur met ons te wandel.

12. Die nuwe geestelike gidse wat van God 'n toeskouer op sy kinders se geestelikheid maak.

Wie is hierdie geestelike gidse vir geestelike staptoere?

Dit is die predikante, pastore, priesters, geestelike leiers, rabbi's, imams en boedas.

Hulle is die geestelike gidse wat vir jou die staptoere uitleë en reël waarop jy kan gaan stap:

- Die bekeringsroete vir hulle wat sonde gedoen het.
- Die nuwe versoeningsroete om mense 'n nuwe burgerlike gemeenskap te maak.
- Die nuwe inklusiewe liefde roete om alle mense, ook goddelose en afgodsdienaars, in die kerk in te sluit.
- Die herlewingsroete om nuwe geestelike krag van God te kry.
- Die nuwe mistieke ervaringsroete om nader oomblikke met God te beleef.
- Die nuwe missie en visie roete om met God sy plan met die lewe uit te voer en te bestuur.
- Die nuwe wonder en genesingroete om God se kragte van genesing en wonders vry te stel.

Op al hierdie ontwerpte staproetes is dit die predikante, pastore, priesters, geestelike leiers, rabbi's, imams en boedas wat nou namens God jou motiveerders, jou aanmoedigers en aanvuurders is, om met hierdie geestelike staptogte besig te wees.

Hulle is die mense wat van God se Woord die kragkos van geestelike toere maak, van gebed die energie stafies vir geestelike staptogte maak en God se liefde vir sy kinders net 'n nuwe stel wette maak hoe om jou eie kragoefeninge te doen, hoe om self te doen wat Jesus gedoen het.

13. Die Heilige Gees is die Gees wat Christus ons gee om met Hom te wandel.

Hoe verskil dit van die werk van Christus as Here soos Paulus dit stel: "Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?"

Die Heilige Gees wat die Here aan ons gee, word nooit ons gids vir ons staptoere nie. Hy word nooit die Gees wat ons aanmoedig, aanvuur en motiveer in ons staptog nie. Hy word nooit die Gees wat ons motiveer om met onself en ons geestelike ondernemings besig te wees nie.

Die Heilige Gees is nooit die Gees wat ons leer om met onself liefdevol, geduldig, goedgehartig, vriendelik en selfbeheers te wees nie.

Die Here maak die lewe wat ons vir Hom leef vir Hom reg deur met ons te wandel.

Hy is die Gees waardeur die Here met ons wandel in sy liefde.

Hy sluit ons in en laat ons deel in die liefde, die goedheid, die lankmoedigheid, die barmhartigheid en vrede wat die Here vir en met ons het. Hy laat ons wandel in die liefde wat die Here vir ons het.

Daarom skep Hy in ons 'n liefde vir die Here en sy wet!

- Lankmoedigheid met die Here se liefde en sy wet, nie met onself nie!
- Blydschap en goedhartigheid teenoor die Here en sy wet, nie met ons self nie!
- Vrede en vriendelikheid met die Here en sy wet, nie met onself nie!

Die Heilige Gees rus ons toe en werk so kragtig onder ons, dat Hy ons verander van mense wat wil stap om fiks te word na mense wat wil wandel met God: om te leef in die geloof in God se liefde.

In hierdie wandeling in die geloof met God se liefde, is

- die Bybel sy woord vir ons in sy wandeling met ons, nie kragkos vir geestelike staptoere nie;
- ons gebede die verering vir Hom in wie se liefde ons wandel, nie energiestafies vir krag vir geestelike ondernemings nie;
- ons liefde vir Hom die vrug van sy liefde vir ons, nie ons nuwe kragoefeninge nie.

14. Die einde van geestelikes en hulle staptogte!

Dit is hierdie geestelikes wat ons vir God en sy kerk moeg maak.

Want dit is wat staptogte maak. Dit maak jou moeg en brand jou uit. Wanneer jy net klaar is met een staptog, die versoeningstog, dan het hulle al weer 'n nuwe een wat jy moet gaan stap, die nuwe inklusiewe liefdestog! En nog en nog, dit hou net nooit op nie.

Die motiveringspraatjies, aanvuringsdriftigheid en bemoedigingsklasse hou ook net nooit op nie. Die nuwe geestelike kragkosse word ook dag tot dag verander en nuut bemark! Nuwe oefeninge in nuwe geestelikhede word dag vir dag herontwerp.

In al hierdie geestelikhede moet ons met God as net die toeskouer op ons staptogte leef.

Dit, terwyl ons in die rus kan leef om met God in sy liefde vir ons te wandel!

Kom ons breek met die staptoere en stapgidse van hierdie wêreld! Kom ons hou op om van God die toeskouer op ons geestelike lewe te maak!

Kom ons wandel met God! Kom ons leef in geloof in sy liefde wat Hy vir ons het en laat Hy ons lei in die liefde wat Hy vir ons het!

Die Here maak die lewe wat ons vir Hom leef vir Hom reg deur met ons te wandel.

Kom ons breek met geestelike gidse wat tussengangers tussen ons en God geword het so asof hulle God en sy liefde in ons lewe verteenwoordig! Kom ons breek met stap die lewe van avontuurlike en opwindende nuwe geestelike roetes waarin ons met onself moet besig wees!

Kom ons leef in die geloof in God se liefde vir ons! “Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.”
Kom ons wandel met God!